Verwysing: 20170410-9918
13/10/1/2
Navrae: TJ Magwaca

Assesseringsbestuurminuut: 0009/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Adjunkdirekteure; Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumkondersteuning; Vakadviseurs; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunkhoofonderwyskundiges en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Aansoek om aanstelling as 'n nasiener vir die Nasionale Senior Sertifikaat eksamens in die vakke met bevoegdheidstoetse

1. **Nuwe aansoekers**

1.1 Onderwysers, vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners wat aan die kriteria (soos uiteengesit in **Bylae A**) voldoen, word hiermee uitgenooi om as nasieners vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen van November 2017 aansoek te doen in die volgende vakke wat die bevoegdheidstoets het: Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie, Engels Huistaal, Geografie, Geskiedenis, Lewenswetenskappe, Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Verbruikerstudies en Wiskundige Geletterdheid.

1.2 Nuwe aansoekers moet die aansoekvorm voltooi wat as **Bylae B** gemerk is.

2. **Indiening van aansoeke (nuwe aansoekers)**

2.1 **Alle nuwe aansoekers moet die volgende dokumente by hul aansoekvorms aanheg:**

- Curriculum vitae.
- Gewaarmerkte afskrif van identiteitsdokument.
- Gewaarmerkte afskrif(te) van akademiese studierekords.
- Gewaarmerkte afskrif(te) van kwalifikasiesertifikaat(te).
- Bewys van registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwysers (SARO).

2.2 Aansoeke moet by die volgende adres ingedien word:

Hoof: Onderwys
Vir aandag: Mnr M Cameron
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Wes-Kaapse Onderwysdepartement
5de Vloer, Grand Central Towers
Laer Parlementstraat
KAAPSTAD
8001

2.3 Aansoeke moet die WKOD teen **19 Mei 2017** bereik. As u enige navrae het, kontak asseblief mnr M Cameron by tel. 021 467 2964.

3. Suksesvolle aansoekers sal skriftelik van hulle aanstellings verwittig word en van hulle sal vereis word om 'n kontrak met die WKOD te sluit. Verdere korrespondensie ten opsigte van die nasienproses sal dan volg.

4. **Voltooing van Verklaringsvorm deur aangestelde nasieners**

4.1 Nasieners is in 2015 en 2016 op 'n tydperk van drie jaar en twee jaar onderskeidelik aangestel wat onderhewig is aan 'n jaarlikse hersiening van die aanstellingskriteria.

4.2 Hierdie nasieners word versoek om die Verklaringsvorm (Bylae C; wat direk na die nasieners gestuur sal word) te voltooi om seker te maak dat hulle aanstelling vir 2017 bekragtig word. Alle voltooide Verklaringsvorms moet teen **19 Mei 2017** by die bogenoemde adres ingedien word. Indien 'n nasiener nie sy/haar **Verklaringsvorm** by die aangewese datum indien, sal die betrokke nasiener sy/haar plek in die betrokke nasienspan verloor.

5. **Die aflê van die bevoegdheidstoetse**

5.1 Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal die bevoegdheidstoetse gedurende 2017 in die volgende vakke uitvoer: Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie, Engels Huistaal, Geografie, Geskiedenis, Lewenswetenskappe, Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Verbruikerstudies en Wiskundige Geletterdheid.

5.2 Slegs aansoekers wat 'n prestasie van 60% en meer in die bevoegdheidstoetse behaal, sal vir aanstelling as nasien-amptenare oorweeg word.

5.3 Aansoekers wat 'n bevoegdheidstoets in Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie, Engels Huistaal, Geografie, Geskiedenis, Lewenswetenskappe, Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Verbruikerstudies en Wiskundige Geletterdheid tussen 2011 en 2016 geneem het en 'n slaagsyfer van 60% of meer behaal het, **hoef nie** die bevoegdheidstoets van hierdie vakke in 2017 te **herhaal nie**. Onderwysers word egter aangemoedig om die bevoegdheidstoetse af te neem indien hulle hul uitslae wil verbeter.

6. Reëlings vir die afneem van die bevoegdheidstoetse

6.1 Alles moontlik sal gedoen word om aansoekers by 'n plek binne die onderwysdistrik te akkommodeer waar hulle geplaas is. Die plekke van die bevoegdheidstoetse sal binnekort aan elke individuele aansoeker gekommunikeer word.

6.2 Die bevoegdheidstoetse sal op die kurrikulum vir die NSS-vak of vraestel gebaseer wees sowel as die nasienvaardighede wat op daardie vraestel van toepassing is. In die geval van Ekonomie en Geografie, sal aansoekers oor die kurrikuluminhoud van beide Vraestel 1 en 2, gesamentlik getoets word. Met Engels Huistaal, sal aansoekers oor die inhoud van die kurrikuluminhoud van Vraestel 1, 2 en 3, gesamentlik getoets word.

6.3 Rooster vir die afneem van die bevoegdheidstoetse:

VAKKE	DATUM	TYD
Rekeningkunde	29/05/2017	14:30 – 16:30
Wiskunde Vraestel 1		14:30 – 16:30
Geskiedenis Vraestel 1		14:30 – 17:00
Verbruikerstudies		14:30 – 17:00
Besigheidstudies	30/05/2017	14:30 – 17:00
Geskiedenis Vraestel 2		14:30 – 17:00
Geografie Vraestel 1 en 2 (een vraestel)		14:30 – 17:00
Wiskundige Geletterdheid Vraestel 1		14:30 – 16:30
Fisiese Wetenskappe Vraestel 1		14:30 – 17:00
Fisiese Wetenskappe Vraestel 2	31/05/2017	14:30 – 17:00
Lewenswetenskappe Vraestel 1		14:30 – 16:30
Wiskundige Geletterdheid Vraestel 2		14:30 – 16:30
Wiskunde Vraestel 2	01/06/2017	14:30 – 16:30
Engels Huistaal Vraestel 1, 2 en 3 (een vraestel)		14:30 – 17:30
Ekonomie Vraestel 1 en 2 (een vraestel)		14:30 – 17:30
Lewenswetenskappe Vraestel 2		14:30 – 16:30

7. Die nasien van NSS-eksamenskrifte is een van die belangrikste aspekte van die eksamenproses. Die WKOD is trots op die aanstelling van gekwalifiseerde en bevoegde nasieners. Prinsipale en ander senior amptenare wat nasieners aanbeveel, moet dus te goeder trou optree. Let asseblief daarop dat die verskaffing van foutiewe inligting op die aansoekvorm as bedrog beskou sal word en dat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) opgetree sal word.

8. Dit is baie belangrik dat prinsipale, distriksdirekteure, kringbestuurders en vakadviseurs hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers bring sodat hulle vertroud is met die aanstellingskriteria voordat hulle hul aansoeke indien. Die Direktoraat: Assesseringsbestuur kan nie verantwoordelik gehou word indien onderwysers nie oor die inhoud van hierdie minuut ingelig is nie.

9. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning in hierdie belangrike saak.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-05-12